DEEL 118 | WEEK 5 | 30 JANUARIE 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Boere het dringend reën nodig

## *Mieliemark op SAFEX fyn ingestel*

’n Aanhoudende hittegolf en beperkte reënval plaas toenemende druk op mielie-aanplantings in die noordoos Vrystaat. Hoë temperature en vinnige verdamping het grondvogvlakke skerp laat daal, juis terwyl mielies in kritieke groeistadiums soos bestuiwing en kopvorming is.

Landboukundiges waarsku dat voortgesette hittestres opbrengste betekenisvol kan verlaag indien daar nie binnekort wydverspreide reën voorkom nie. “Boere het dringend reën nodig om verdere skade te beperk,” is die algemene sentiment onder produsente.

Volgens die jongste 14-dag-weervoorspellings is daar oor die volgende twee weke wel ’n kans op geïsoleerde middag- en aand-donderbuie. Weerdata dui egter daarop dat hierdie reëns waarskynlik plaaslik en ongelyk sal wees, afgewissel met droë, sonnige periodes en steeds hoë temperature. Weerkenners waarsku dat hierdie patroon onvoldoende kan wees om grondvogvlakke volhoubaar te herstel.

Ten spyte van die huidige weersdruk is Suid-Afrika se mielievoorraad tans nog op aanvaarbare vlakke, grootliks danksy ’n goeie vorige seisoen. Hierdie voorraadposisie hou pryse voorlopig in toom en verhoed onmiddellike tekorte in die binnelandse mark, maar die mark bly wel uiters sensitief vir enige verandering in produksieverwagtinge.

Op die SAFEX-termynmark verhandel witmielies tans in ’n band van ongeveer R3 380 tot R3 760 per ton, afhangend van die kontrakmaand, terwyl geelmielies rondom R3 330 tot R3 690 per ton wissel. Hierdie vlakke weerspieël ’n mark wat reeds weer-risiko begin inprys, maar nog nie ’n ernstige aanbodtekort verreken nie.

Markontleders sê die volgende paar weke sal bepalend wees vir prysrigting. Indien hitte en beperkte reën voortduur en opbrengsverwagtinge verder afwaarts aangepas word, kan SAFEX-pryse later in die seisoen onder opwaartse druk kom. Sou betekenisvolle reën egter betyds val, kan pryse relatief stabiel bly, ondersteun deur voldoende voorraad.

Alles hang tans van die weer af — en vir boere bly reën die sleutel tot beide opbrengs en prysrigting.






## Heilbron-man in hegtenis geneem

’n 54-jarige man van Heilbron is onlangs in hegtenis geneem nadat hy na bewering geweier het om staatsamptenare toegang tot sy eiendom te verleen vir ’n bek-en-klouseer (BKS)-inspeksie. Volgens inligting het die betrokke eiendom binne ’n radius van 10 km geval van ’n ander plaas waar BKS bevestig is. Die staatsveearts het glo die eiendom besoek om roetine-inspeksies op die man se beeste uit te voer, maar toegang is na bewering geweier. Na die weiering het die staatsveearts die saak by die Heilbron Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) aangemeld, waarna ’n dossier geopen is. Die man is vervolgens in hegtenis geneem en gedagvaar weens ’n beweerde oortreding van die Wet op Dieregesondheid (Wet 35 van 1984). Volgens sersant Josephine Rani, polisiewoordvoerder, is die man nie tans in aanhouding nie. Sy lewendehawe is steeds op die eiendom, maar hy is gesubpoena om op 4 Februarie 2026 in die Heilbron Landdroshof te verskyn. Ingevolge artikel 16 van die Wet op Dieregesondheid beskik die direkteur van dieregesondheid en gemagtigde beamptes oor uitgebreide bevoegdhede, insluitend toegang tot grond, inspeksie van diere, beslaglegging en die afdwinging van beheermaatreëls om die verspreiding van siektes te voorkom. Hierdie maatreëls sluit onder meer die neem van monsters, beperking van dierbeweging en, indien nodig, die verwydering van diere in. Die wetgewing is daarop gemik om ernstige diersiektes soos bek-en-klouseer te beheer en uit te roei, ter beskerming van die landboubedryf en voedselveiligheid.







# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## ’n Week in Ons Gemeenskap:

### *Saam Bou Ons Veerkragtige Gesinne*



Hierdie week, terwyl roetines weer begin vastrap en gemeenskappe hul ritme hervind, word ons daaraan herinner dat sorg en ondersteuning nie net in kantore plaasvind nie—dit gebeur in huise, skole, kliniekrye en in stil gesprekke waar mense uiteindelik veilig genoeg voel om gehoor te word.

In baie gesinne en gemeenskappe was hierdie week gekenmerk deur die behoefte aan luister en begrip. Kinders hanteer die druk van skool, vriendskappe en verwagtinge wat dikwels groter voel as hul ouderdom. Ouers doen hul beste met beperkte hulpbronne, uitgerekte emosies en werklike bekommernisse oor die toekoms. Versorgers en onderwysers dra kinders se welstand saam, lank nadat die skoolklok gelui het.

**Een boodskap bly duidelik:** Ondersteuning maak die verskil. ’n Kind wat weet daar is ten minste een betroubare volwassene wat omgee, hanteer uitdagings beter. Gesinne wat betyds leiding en ondersteuning ontvang, vermy dikwels groter krisisse later. Gemeenskappe wat na mekaar omsien, bou veerkragtigheid wat nie deur strukture of beleide alleen geskep kan word nie.

Gesinne word soms op hul kwesbaarste raakgesien—wanneer spanning ophoop, keuses beperk voel of hoop broos is. Tog is daar steeds krag sigbaar: ouers wat om hulp vra omdat hulle ’n beter toekoms vir hul kinders wil hê; jongmense wat eerlik praat oor hul vrese en drome; en gemeenskappe wat hand bysit met kos, vervoer na afsprake of bloot ’n vriendelike woord.

Hierdie week herinner ons daaraan dat kinders se welstand almal se verantwoordelikheid is. Wanneer ’n kind gereeld van skool afwesig is, sonder toesig gelaat word of emosioneel sukkel, kan om iets te sê ’n lewe verander. Wanneer ’n buurmens oorweldig voorkom, kan ondersteuning—of die verwysing na toepaslike dienste—verhoed dat ’n situasie vererger.

Sorg en ondersteuning gaan nie daaroor om al die antwoorde te hê nie; dit gaan daaroor om saam oplossings te vind. Dit gaan oor waardigheid, respek en die geloof dat gesinne, met die regte ondersteuning, kan genees en groei.

Die uitnodiging aan elke lid van die gemeenskap is eenvoudig: let op, gee om en verbind. Klein dade—’n oproep, ’n besoek, ’n verwysing of die deel van inligting—skep veiliger ruimtes vir kinders en sterker gesinne vir môre.

Indien u of iemand wat u ken ondersteuning benodig, reik gerus uit na plaaslike maatskaplike dienste of gemeenskapsorganisasies, soos Engo Gesinsorg, wat ’n belangrike rol speel om dienste direk uit die gemeenskap te lewer en gesinne te ondersteun.

Ondersteuning vandag bou veerkragtige kinders vir môre.

## Aerobics Club Supports Local Creche




IKAHE Aerobics Club recently gave back to the community through a Back-to-School outreach programme at Thuto Tsebo Creche. Club members visited the creche to donate stationery to young learners, helping them start the school year with the supplies they need. The visit also gave members the opportunity to spend time with the children and educators.

Founder of IKAHE Aerobics Club, Molapisi Motsumi, said the initiative reflects the club’s commitment to community upliftment. “IKAHE is about more than fitness. We believe in supporting our community, especially children, and helping them begin their education with confidence,” Motsumi said. Teachers at the creche welcomed the donation, noting that many families struggle with school costs at the start of the year. The stationery will help reduce this pressure and better prepare learners for the year ahead. IKAHE Aerobics Club, established in 2004, is known for promoting healthy and active lifestyles while also supporting community projects. The club plans to continue reaching out to schools, creches and vulnerable groups in the area. Motsumi thanked all IKAHE members for their generosity and support in making the outreach a success.

## UIT DIE PEN: Week 5

Aan die begin van 2024 het ek twee woorde teen my rekenaarskerm geplak, en ek wou dit regtig lééf in 2024: Eerlikheid en integriteit.

Soos die *Ingelsman* sou sê: Daar *backfire* die twee woorde.

Ons was nie drie maande in 2024 nie, toe ons uitvind dat my vorige baas die maatskappy amper rot en kaal besteel het. Ek was eerlik genoeg om te gaan rapporteer hoe hy ten minste ’n deel van die geld gesteel het. Ek is fluitjieblaserstatus gegee. My naam sou nooit genoem word nie, en dankie dat ek dit kom rapporteer het.

Toe nou nie.

Wat daarna gevolg het, het my heeltemal van balans gegooi. Amper soos ’n nagmerrie waaruit ek nie kon wakker word nie.

My integriteit is in twyfel getrek, al was ek eerlik en al het ek dit gaan rapporteer. Toe ek my oë uitvee, word ek ook vir bedrog ondersoek. Vyf van ons. Daar is niks teen ons bevind nie, maar so iets ruk jou tot in jou hoenderstellasie in.

Om hierby by te voeg, was ek en goeie man saam vyf keer in die hospitaal en ons het saam ses narkosesessies oorleef.

In die middel van verlede jaar was my gemoed laag. ’n Direkte gevolg van die bedrog was ’n herstrukturering by ons maatskappy. Almal is botallig verklaar en jy kon aansoek doen vir ’n vrywillige skeidingspakket of jy kon weer aansoek doen vir ’n pos.

Ek het laasgenoemde gedoen.

My nuwe-ou pos behels dat ek, onder andere, die nuwe administratiewe stelsel wat deur kontrakteurs ontwikkel word, moet kan implementeer. Daarby saam moes ek gaan vir mentorskapsessies. Jy kan laasgenoemde interpreteer soos jy wil, maar dit was senutergend om elke tweede week met die man van HR en die adviseur tot ons raad vir tot 90 minute te vergader. Elke tweede sessie ruk hulle ’n haas uit ’n hoed, en vra vrae wat regtig nie met my portefuelje te doen het nie.

Saam met hierdie sessies moes ek ook hoor dat ek besig is om osteoporose te ontwikkel. Heeltemal te jonk daarvoor, het ek gedink. Een van die gevolge van twee operasies as gevolg van ’n gebreekte been.

My ortopeed, Janus, was nogal bekommerd oor die snelheid waarteen ek beenweefsel verloor. Eers het hy ’n biopsie op my seer been gedoen. Daar was ’n aaklige bakterie wat in my gewrig gebly het. Ek moes elke oggend twee reusegroot pille sluk. Daarmee saam het ek eers elke week, en daarna elke twee weke by Dirk gaan kuier vir hiperbariese behandeling.

En dan was daar ook ’n kalsiumaanvulling in die oggend en een in die aand. O, ja. Voor ek vergeet: ook ’n ander pilletjie wat ek een keer per week moes drink. Interessante kalant, hierdie pilletjie. Drink dit met eerste lig wanneer jy opstaan, en jy kan eers weer twee ure daarna iets eet. Jy mag dit net met water afsluk, en jy mag nie weer gaan lê of vooroor buk wanneer jy die kalant in jou lyf het nie.

Terug by my rekenaarskerm: Teen middel van verlede jaar plak ek ’n nuwe plakker op my skerm. Hierdie keer lees dit as volg: 10; 7; CA; Ca. My eie kode vir dit waarvoor ek elke oggend, voordat die dag se werk begin, gaan bid.


Die 10 is die tien gebooie. Ek dink ons hoor dit heeltemal te min. Ek sê dit op in my gebed en begin die sin so: Vandag sal ek nie… en daarna volg elke gebod. (ja, ek ken dit uit my kop uit).

Die 7 wys na seën. Ek het teen die einde van 2024 ’n boodskap van iemand ontvang wat gesê het dat die Here ons sewe keer gaan teruggee wat die duiwel in 2024 by ons kom steel het. My integriteit. My eerlikheid. My been gaan gesond word. My goeie man gaan gesond word. Al word dit dalk nie op aarde gesond nie. Dié boodskap is al soveel keer bevestig, ek kon nie anders as om dit te glo nie.

Die CA is ons administratiewe stelsel. Die kodeerders sal teen middel Februarie klaar wees met die skryf van die stelsel. Ons kan al omtrent 90% daarvan gebruik. Die stelsel word ook tans deur iemand geoudit. Dalk gaan ons dit ten volle gebruik. Dalk nie. As ons nie die stelsel gaan gebruik nie, is my pos in gedrang. En weet jy wat? Ek het lankal vrede daarmee gemaak. Ek bid elke oggend daarvoor. As dit nie werk nie, sal die Here help met die volgende stappe.

Die laaste is Ca. Dit is die wetenskaplike simbool vir kalsium. Ek bid vir elke kalsiumatoom in my lyf: dit moet na my skelet gaan en nuwe beenweefsel vorm.

Ek het Maandag weer vir Janus gaan kuier. Eers moes ek gaan x-strale neem



om te kyk of my bene digter is. Ek het nie eers vir die radioloë die x-strale gevra nie. Hulle het dit sommer direk vir Janus gestuur.

Toe Janus sy spreekkamer se deur oopmaak, is sy glimlag breed. Kom kyk hoe lyk jou beendigtheid, nooi hy my toe ek by sy tafel sit. Dit is veel, veel digter as die einde van 2024.

Ek het hierdie week geleer dat mense broos en kosbaar is, al lyk hulle *tough*. Ek het verder geleer dat ons lewe en ons alles in die Here se hande is. Hy kan nuwe beenweefsel vorm. Hy kan integriteit en selfbeeld herstel. Hy kan jou rustig maak in elke storm.

Ek weet dat daar slegte dinge is wat gaan gebeur. Ek weet dat ons deur siekte en beserings sal gaan. Ek weet dat sommige (ek ingesluit) dalk nie van alle siektes sal kan herstel nie. Dalk gaan ek daaraan dood.

Maar ek weet dat ek weet dat ek weet wie ons dra.

# Tuinbou dames kuier gesellig saam



Die asemrowend mooi tuin en hartlike gasvryheid van Boomplaas het onlangs as verwelkoming gedien vir ’n groep dames wat met entoesiasme die nuwe jaar en ’n bedrywige tuinbouprogram ingelui het.

Die byeenkoms is verryk deur me. Magda Muller van Tweeling, wat die dames geïnspireer het met haar huishoudkundige kundigheid in die kombuis. Met haar tema vir 2026, “Gee ’n groot tree!”, is daar nuwe idees en vindingryke geregte met groot ywer gedeel. In die lig van stygende lewenskostes is praktiese wenke oor kostebesparing ook bespreek. Die maak van maaskaas met behulp van ’n melkdoeklinne en 2 liter amasi is gedemonstreer, waarna ’n heerlike kaaskoek uit die vars maaskaas voorberei is.



Maklike, smaaklike voorgereg-happies is voorgesit, waaronder geroosterde kersietamaties met geroomde fetakaas. Die oorblywende fetakaas is kreatief gebruik deur dit in ’n glashouer te pak met afwisselende lae rooi en groen pesto, wat ’n kleurvolle dip gevorm het — ideaal saam met geroosterde brood of beskuitjies.







Die voorsit van fyn skaapboudvleis het nuwe betekenis gekry met die gebruik van verskeie speserye wat ’n besonderse geur aan die vleis verleen het. Dit is bedien saam met vars broodrolletjies of pita-brood, en gepiekelde rooi uie het nie net die smaak nie, maar ook die visuele aantrekkingskrag van die bord verhoog.

Vir diegene wat nuwe slaai-idees soek, is ’n verfrissende tzatziki voorgestel — ’n mengsel van gerasperde komkommer, jogurt, knoffel, suurlemoensap en fyn kruie — perfek vir warm somersdae.

Verskeie praktiese tuinwenke is ook gedeel. Oorblywende moerkoffie kan as stikstof vir plante dien, terwyl piesangskille ryk aan kalium is en maklik as vloeibare voeding gebruik kan word. Fyngemaakte eierdoppe help om kalsium in tuinbeddings te verhoog, en ou eierrakke kan gebruik word om jong saailinge uit te plant, aangesien die karton natuurlik in die grond ontbind. Bier is aanbeveel as effektiewe lokaas vir slakke, en vir spierkrampe is “pickle juice” genoem as ’n vinnige hulpmiddel. Aandag is ook gevestig op plaagbeheer, onder andere die bespuiting van rose teen kewers en die gebruik van organiese entstowwe vir konifere teen luise.

Die dames het die geleentheid afgesluit deur die heerlike geregte te geniet en rustig in Mari se pragtige tuin te vertoef.







*Foto regs onder: Mari Myburgh (Voorsitster) & Magda Muller (Spreekster).*

## Sharky wys wat dit beteken om om te gee

Terwyl Heilbron tans onder verstikkende hittegolf-toestande gebuk gaan, het ’n besonderse inwoner hierdie week bewys dat ouderdom geen struikelblok is vir ware selfloosheid nie. Mnr. Andries “Oom Sharky” Kuhn (85), ’n inwoner van die Huis Bron-van-Heil ouetehuis, het Dinsdag 27 Januarie almal se harte geraak toe hy, steunend op sy kruk, na die Heilbron-Suid Kerk gegaan het om bloed te skenk. In temperature wat vir baie inwoners ’n rede was om binnenshuis te bly, het Oom Sharky nie geskroom om sy deel te doen nie. Met vasberadenheid en ‘n goeie sin vir humor het hy die lang naald trotseer om ander se lewens te help red. Vir baie sou die gedagte aan bloedskenking intimiderend wees, maar vir ’n man van 85, met beperkte mobiliteit, boonop te midde van uiterste hitte, getuig dié daad van buitengewone moed en ’n diepgewortelde omgee-hart. Sy optrede dien as ’n kragtige herinnering dat helde nie altyd uniforms dra nie — soms dra hulle krukke en glimlagte. Personeel en medebloedskenkers het hul bewondering uitgespreek vir Oom Sharky se voorbeeld, wat nie net lewens help red het nie, maar ook die gemeenskap inspireer. Sy bereidwilligheid om ’n verskil te maak, onderstreep die ware gees van onbaatsugtigheid. In ’n tyd waar klagtes oor die hitte en uitdagings volop is, het Oom Sharky Kuhn se eenvoudige, maar diep betekenisvolle daad ’n ligpunt vir Heilbron geword. Hy is sonder twyfel ’n plaaslike held — en ’n inspirasie vir jonk en oud.











# SAMWU eis dat Nasionale Regering die administrasie van Mafube moet oorneem



Munisipale werkers in die Mafube Plaaslike Munisipaliteit het op Dinsdag, 27 Januarie 2026, die strate van Frankfort ingevaar in protes teen voortgesette salarisvertragings, onbetaalde pensioenbydraes en wat hulle beskryf as die aanhoudende ineenstorting van munisipale bestuur.

Die protesaksie, wat deur werkers verbonde aan die Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersunie (SAMWU) en die Onafhanklike Munisipale en Verwante Vakbond (IMATU) gereël is, volg op herhaalde pogings om met munisipale leierskap in gesprek te tree oor onopgeloste arbeids- en finansiële kwessies. Betogers beoog om 'n memorandum aan die Premier van die Vrystaat te oorhandig waarin 'n beroep gedoen word dat die nasionale regering die administrasie van die Mafube Plaaslike Munisipaliteit moet oorneem.

SAMWU in die Vrystaat, wat ongeveer 12 500 munisipale werkers verteenwoordig, het sy veldtog verskerp teen wat dit as wydverspreide munisipale verval regoor die provinsie beskryf. Die vakbond het ernstige kommer uitgespreek oor die nie-betaling van salarisse, uitstaande pensioenfondsbydraes en beweerde korrupsie, veral in sukkelende munisipaliteite soos Mafube.

Volgens SAMWU verkeer minstens 13 munisipaliteite in die Vrystaat tans in 'n krisis, nadat hulle versuim het om miljoene rande se pensioenbydraes aan werkers oor te betaal. In sommige gevalle het munisipale werknemers langdurige salarisvertragings ervaar, terwyl ander na bewering koopbewyse in plaas van lone aangebied is.

Mafube is reeds geruime tyd die onderwerp van arbeidsgeskille en regstappe. In Januarie 2025 het die Vrystaatse Hooggeregshof die munisipaliteit gelas om R14 miljoen, plus rente, aan die Munisipale Werkers Aftreefonds te betaal, nadat dit versuim het om vroeëre hofbevele, wat reeds in 2011 uitgereik is, na te kom. Ten spyte van hierdie uitspraak sê werkers dat finansiële onstabiliteit en die nie-betaling van derde partye steeds voortduur.

Heilbron Herald het reeds gedurende 2025 oor verskeie voorvalle berig waar Mafube se munisipale werkers vir lang tydperke nie betaal is nie, wat diensleweringsuitdagings binne die gemeenskap verder vererger het.

IMATU-takvoorsitter Tshepo Tsotetsi het gesê werkers eis ook dat die munisipaliteit voldoende werksgereedskap voorsien sodat werknemers hul pligte doeltreffend kan uitvoer. Hy het verder beklemtoon dat werkers sonder die nodige toerusting en hulpbronne nie hul verpligting kan nakom om dienste aan die gemeenskap te lewer nie.

Albei vakbonde doen 'n beroep op beslissende nasionale ingryping, insluitend die ontbinding van die huidige raad, 'n volledige forensiese ondersoek na munisipale finansies en bestuur, asook 'n finansiële inspuiting om bedrywighede te stabiliseer. SAMWU het ook kritiek uitgespreek teen wat dit as inkonsekwente politieke aanspreeklikheid beskryf en dring aan op 'n deursigtige en omvattende benadering om die mislukking van alle sukkelende munisipaliteite in die provinsie aan te spreek.

Die memorandum wat tydens die protes ingedien is, doen 'n dringende beroep op die nasionale regering om op te tree en waarsku dat voortgesette versuim om in te gryp die krisis wat munisipale werkers en inwoners in die gesig staar, verder sal verdiep.

# Reitz Hengelklub Nuus

Op Saterdag, 17 Januarie 2026, het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Arrie Muller se dam vanaf 07:00 tot 17:30. 23 Hengelaars het deelgeneem. Die algehele wenner vir die dag was Dian van Niekerk wat 22 visse gevang het.

Riaan Kriel het die grootste volskub karp van 2,670kg gevang. Handro Swart het die grootste Gewone karp van 0,200 kg gevang. Melisca Labuschagne het die grootste Baber van 2,340 kg gevang. Dian van Niekerk het die swaarste sak vis van 30,860 kg gevang.



*Op die foto is Riaan Kriel met die grootste Volskub karp van 2,670 kg.*



*Op die foto is Dian van Niekerk met die swaarste sak vis van 30,860 kg.*





*Op die foto bo is Handro Swart met die grootste Gewone karp van 0,200 kg.*

*Op die foto links is Melisca Labuschagne met die grootste Baber van 2,340 kg.*


Ngwathe MUNICIPALITY
The home of harmony, prosperity and growth

**PUBLIC NOTICE**

**DRAFT AUDITED ANNUAL REPORT: 2024-25**

Notice is hereby given in terms of Section 127 (5) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003, that Ngwathe local municipality has adopted its Draft Audited Annual Report 2024/2025 during the ordinary council meeting which was held on the 26 January 2026 in Parys.

The Executive Mayor of Ngwathe Local Municipality, Councillor Victoria De Beer – Mthombeni, in terms of Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act, Act No. 32 of 2000, hereby invites all interested stakeholders, parties, structures and organisations to make written and oral submission in respect of the Draft Audited Annual Report for the period ending 30 June 2025.

Interested stakeholders, parties, structures and organisations have until 28 of February 2026 to make their written and oral submissions.

Copies of the Annual Report will be available for perusal at all the Public Libraries and satellite offices constituting Ngwathe local municipality. In addition, an electronic version can also be viewed on the Municipal website www.ngwathe.fs.gov.za

**For submissions or additional information kindly contact Ms. Mosa Msibi, Manager PMS on msibit@ngwathe.co.za/ 083 758 3322 or alternatively send an email to msibit@ngwathe.co.za**

**Dr. F.P Mothamaha**
**Municipal Manager**

# KENNISGEWINGS NOTICES

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Van Lingen**
First names: **Albert**
Estate number: **2439/2025**
Identity/passport number: **490330 5014 087**
Date of death: **2/12/2024**
Last address: **46 Ringer Street, District Heilbron, Province Free State**

The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 30 January 2026 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.

**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2026/01/16**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **MARIA ELIZABETH HENDRINA SNYMAN, Identiteitsnommer 4 207 250 053 086,** wie getroud buite gemeenskap van goedere was, wat woonagtig was te Plaas Krabfontein, Distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 15 Mei 2024, **boedel nommer 005003/2024.**

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T28666/2005** gepasseer deur **JACOBIE JANSE MULLER,** Identiteitsnommer: 510205 5028 087, Getroud Buite Gemeenskap Van Goed ten gunste van **SAREL ARNOLDUS SMIT,** Identiteitsnommer: 790927 5116 080, Ongetroud ten aansien van GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS VLAKPLAATS NR 234, DISTRIK FRANKFORT, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT: 384,1665 (DRIE HONDERD VIER EN TAGTIG KOMMA EEN SES SES VYF) HEKTAAR.

Wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Heilbron op hede die 28ste dag van Januarie 2026.

**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**KERKSTRAAT 40, HEILBRON, 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**


BOOMERANG
SKOOL TASSE
BESKIKBAAR @ SLEGS
R1 200 BTW ING.



Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald Office National

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir Antonio Pienaar by die Heilbron Herald 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Sonja Muller
081 849 1877

SMITH&SMITH
Financial solutions made simple

JUNIOR TRAINEE
ADMINISTRATIVE POSITION

We are offering a junior / intern opportunity for a motivated individual who would like to learn and grow in the insurance industry.
No experience required – full training will be provided.

Requirements:
• Fully bilingual in English and Afrikaans
• Grade 12 with Mathematics
• Strong attention to detail
• Computer literate (Excel & Word essential)
• Outgoing personality with good people skills
• Willingness and enthusiasm to learn

Advantageous (but not required):
• Exposure to the insurance industry
• Experience working in a medical practice or medical administration environment

This is a client-facing role, so professionalism and communication skills are important.
Position based at:
Smith & Smith Heilbron Office – Wentworth Shopping Centre
Closing date for applications: 13 February 2026.

START DATE: MARCH / APRIL 2026

To apply:
Email your CV to shirley@smithandsmith.co.za
Only applicants who meet the above requirements will be contacted.

HEILBRON BRANDVERENIGING
Algemene jaarvergadering
Datum: 4 Februarie 2026
Plek: Boeresaal | Tyd: 14h00

DELIVERY & COLLECTION
between Heilbron and Vaal Triangle
Monday, Wednesday and Friday
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078
R100 per parcel



Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel

# SMALLS

# DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


BIBLIOTEEK OOP
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport




# Meesters

Tracy Jacobs het onlangs 'n besonderse mylpaal in haar rolbalreis bereik toe sy gekies is om deel te neem aan die SA Meesters – Veterane span. Hierdie gesogte span bestaan uit slegs 12 spelers wat landswyd gekies word, wat dit een van die hoogste vlakke van kompetisie op die Suid-Afrikaanse rolbalkalender maak.

Die SA Meesters-toernooi bring die land se beste onder 30 ope mans en dames, asook mans- en damesveterane, teen mekaar te staan. Om deur die SA Keurders gekies te word, word as 'n uiters groot eer beskou en vereis jare se konsekwente prestasie.

Spelers moet kwalifiseer deur drie jaar se wedstrydrekords in te dien, met spesifieke klem op enkelspel-rekords. Volgens Jacobs verg die pad na hierdie vlak harde werk, baie oefening, fiksheid en 'n goeie sportmansgees. "'n Speler moet leer om nederlae net so waardig te hanteer soos oorwinnings," sê sy.

Sy glo vas daaraan dat 'n mens nooit moet opgee nie, maar moet aanhou druk, moed hou en soms terugstaan sodat God namens jou kan veg.

Die prestasie dra ook groot emosionele waarde vir die Jacobs-familie. Tracy wys daarop dat haar oorlede man, Rudi Jacobs, asook haar dogter Natasha Jonker, reeds Meesters-spelers was. Natasha het op die ouderdom van 25 aan die meesters deel geneem en die wyle Rudie was ook deel van die ope en veterane 'n paar jaar gelede."Ons is bevoorreg om te kan sê dat ons hele familie Meesters-spelers is. Alle eer aan ons Liewe Vader," sê sy.

# Boerevereniging Challenge

So skop die Boerevereniging Challenge af op'n pragtige somersaand. 64 Spelers uit die Boeregemeenskap het saamgetrek om hulle rolbal "skills" ten toon te stel. Toeskouers is verras met rolbal uit die boonste rakke, niemand sal kan glo dat sommiges 'n jaar laas aan 'n rolbalbal gevat het nie. Die groot verrasing van die aand was die uitmuntende spel gelewer deur die TLU manne. Die damesspan van Moedersdeel olv Lisa Boshoff het die Span van die "Ander Dogs" goed laat les opsê toe die dames die knie gebuig het op die laaste kop.

Rondom die baan het dit gewemel van speenoud tot stokoud. Heerlike kos is bedien en almal het na afloop van die wedstryde lekker saamgekuier.



*Op die foto vl: NJ Oosthuizen, Hannalie Claasen en John Watson.*

# Noord Vrystaat Veterane

Tracy Jacobs het die afgelope naweek goud verower by die Noord Vrystaat Veterane wat gespeel is op Bethlehem. Hierdie was 'n taai kompetisie met spelers vanoor die hele Noord Vrystaat wat meegeding het vir die gesogte goue medalje. Heilbron Rolbalklub is baie trots op hierdie dame.







KENNISGEWING

Heilbron Brandvereniging Algemene Jaarvergadering

Datum: 4 Februarie 2026
Plek: Boeresaal
Tyd: 14:00




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 2 FEBRUARIE 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 3 FEBRUARIE 2026

BETHLEHEM: BOSHOFF BROERS
STAAK SKAAP BOERDERY
11:00, plaas Highlands
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

WOENSDAG - 4 FEBRUARIE 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDAG - 5 FEBRUARIE 2026

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VRYDAG - 6 FEBRUARIE 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 7 FEBRUARIE 2026

KROONSTAD: JOHANRI DORMERS
150 Skape
11:00, Bloekombos Venue
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za